

22 Augustus

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:25-32
Fokusgedeelte: Efesiërs 4:25-32

Lewe in eenheid met Christus

Paulus se brief aan die Efesiërs is een van die mees aangrypende briewe in die Nuwe Testament. Veral omdat die eenheid van die kerk (dié wat aan God behoort, die uitverkorenes, verlostes), so mooi beskryf word. Die Heilige Gees openbaar die geheimenis van die evangelie aan hulle: Hulle is deel van Christus, sy liggaam! Die een liggaam van Christus! Vroeër het hulle ver van God geleef, maar nou is hulle een met Christus Jesus. 'n Enkele gebou, opgerig op die fondament van die apostels en die profete – waarvan Jesus self die hoeksteen is!

Paulus druk op hulle harte dat hulle in hierdie eenheid moet bly lewe. Die ou, sondige mens met sy begeertes is daarop uit om hierdie eenheid op te breek. Vanaf vers 25 noem Paulus 'n klomp sondes wat verdeeldheid bring (eenheid verbreek.) En Satan se hoofdoel deur die eeue is om Christus, sy kerk en Koninkryk, te probeer opbreek. Hier is juis só 'n lys van sondes: valsheid, kwaad word, diefstal, vuil taal, ensovoorts.

En net nadat Paulus die sonde genoem het, sê hy ook hoe jy dit moet regmaak: Valsheid moet jy verdring deur die waarheid te praat. Kwaad word, deur nie kwaad te gaan slaap en die duiwel vatkans te gee nie. As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel en hard werk – om vir homself en ander te sorg. Vuil taal (enigiets wat jy sê wat verdeeldheid bring) moet jy beveg deur net te praat wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede. Moenie die Heilige Gees bedroef deur verdeeldheid te bring deur wat jy doen en sê nie. Bitterheid, opvlieëndheid en woede moet jy beveg deur nie kwaad te word, te vloek en skel nie, maar eerder goedgesind, met hartlikheid, ander te vergewe – soos God jou in Christus vergewe het!

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5

Ds. OA Oosthuizen (Windhoek-Suid)